

Hiernamaals

wat sê die Bybel?

10: OORDEEL: GEEN MIDDEWEG

1

309: Hoeveel seuns het Adam gehad?			
1	2	3	Geeneen van bogenoemde
310: Jakob se eersgeborene:			
Simeon	Ruben	Juda	Josef
311: Die aantal stamme uit die nageslag van Ismael			
10	12	13	15
312: Hoeveel manne het by Abraham aangedoen toe hulle Sodom gaan verwoes het?			
2	3	4	5
313: Watter boek volg op 2 Korintiërs?			
Johannes	Romeine	Galasiërs	Efesiërs
314: Waarin is die tien gebooie bewaar?			
Altaar	Rots	Ark	Pilaar
315: Die wet moet tydens hierdie fees aan die volk voorgelees word			
Paasfees	Versoendag	Nuwejaar	Huttefees

2

309: Hoeveel seuns het Adam gehad?			
1	2	3	Geeneen van D: Genesis 5:4 begeroemde
310: Jakob se eersgeborene:			
Simeon	B: Genesis 35:23	Juda	Josef
311: Die aantal stamme uit die nageslag van Ismael			
10	B: Genesis 25:16	13	15
312: Hoeveel manne het by Abraham aangedoen toe hulle Sodom gaan verwoes het?			
2	B: Genesis 18:2	4	5
313: Watter boek volg op 2 Korintiërs?			
Johannes	Romeine	C: Galasiërs	Efesiërs
314: Waarin is die tien gebooië bewaar?			
Altaar	Rots	C: Eksodus 40:20	Pilaar
315: Die wet moet tydens hierdie fees aan die volk voorgelees word			
Paasfees	Versoendag	Nuwejaar	D: Deuteronomium 31:10, 11

3

<p>1: Hoeveel eindoordele gaan daar wees?</p> <p>Johannes 5:28, 29 Moenie hieroor verbaas wees nie: daar kom 'n tyd wanneer almal wat in die grafte is, sy stem sal hoor en sal uitgaan. Dié wat goed gedoen het, sal opstaan en lewe, en dié wat verkeerd gedoen het, sal opstaan en veroordeel word."</p> <p>Handelinge 17:31 want Hy het 'n dag bepaal waarop Hy regverdig oor die wêreld gaan oordeel deur 'n Man wat Hy uitgekies het. As bewys daarvan vir almal, het Hy Hom uit die dood laat opstaan."</p> <p>2 Petrus 3:7 Maar die hemel en die aarde van vandag is bestem en word bewaar vir die vuur, ook deur die woord van God, en word in stand gehou tot op die dag waarop die goddelose mense veroordeel en verdag sal word.</p> <p>2 Tassolonisense 1:7 - 10 en aan julle lyding, en ons s'n, sal Hy 'n einde maak wanneer die Here Jesus met sy magtige engele in 'n vuurvlam uit die hemel verskyn. Dan sal Hy die mense straf wat nie vir God ken nie en dié wat die evangelie van ons Here Jesus nie gehoorsaam nie. Die ewige verdoemenis sal hulle straf wees, altyd geban uit die teenwoordigheid van die Here en van sy wonderbaarlike mag. Dit sal gebeur op die dag wanneer Hy kom om verheerlik te word deur dié wat aan Hom behoort, om eer te ontvang van almal wat glo. Julle sal ook daar wees, want julle het ons getuieis aan julle geglo.</p> <p>"Dag" of "tyd" is enkelvoud. Hier is geen sprake van meer as een eindoordeel nie</p>

4

2: Wat is die tweede dood?

Mens = Liggaam + $\begin{matrix} \text{Siel} \\ \text{Gees} \end{matrix}$

Genesis 2:7: En die HERE God het die mens geformeer uit die stof van die aarde en in sy neus die asem van die lewe geblaas. So het dan die mens 'n lewende siel geword.


Johannes 3:3: Jesus antwoord en sê vir hom: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie weer gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie.

Mens, by geboorte, is liggaam plus asem.

Mens, by wedergeboorte, is liggaam plus asem plus gees van God.

Mens, nie wedergeboorte nie, is liggaam plus asem minus gees van God.

Eerste dood: Liggaam en siel skei



Matteus 7: 21-23 Nie elkeen wat vir My sê: Here, Here! sal ingaan in die koninkryk van die hemele nie, maar hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemele is. Baie sal in daardie dag vir My sê: Here, Here, het ons nie in u Naam geprofeteer en in u Naam duiwels uitgedrywe en in u Naam baie kragte gedoen nie? En dan sal Ek aan hulle sê: Ek het julle nooit geken nie. Gaan weg van My, julle wat die ongeregtigheid werk!

Uitverkorene → God → Ewige lewe

Ongelowige weg van God → ewige / tweede dood

5

3: Wanneer sal die eindoordeel plaasvind?

Matteus 24:36 "Maar niemand weet wanneer daardie dag en uur kom nie, nie die engele in die hemel nie en ook nie die Seun nie. Net die Vader weet dit.

2 Petrus 3: 9, 10 Die Here stel nie die vervulling van sy belofte uit nie, al dink party mense so. Nee, Hy is geduldig met julle, omdat Hy nie wil hê dat iemand verlore gaan nie: Hy wil hê dat almal hulle moet bekeer.

Maar die dag van die Here sal so onverwags soos 'n dief kom. En op dié dag sal die hemel met 'n groot gedruis verdwyn, die hemelliggame brand en tot niet gaan, en die aarde met alles wat daarop is, vergaan

2 Tassolonisense 1:7 - 10 en aan julle lyding, en ons s'n, sal Hy 'n einde maak wanneer die Here Jesus met sy magtige engele in 'n vuurvlam uit die hemel verskyn. Dan sal Hy die mense straf wat nie vir God ken nie en dié wat die evangelie van ons Here Jesus nie gehoorsaam nie. Die ewige verdoemenis sal hulle straf wees, altyd geban uit die teenwoordigheid van die Here en van sy wonderbaarlike mag. Dit sal gebeur op die dag wanneer Hy kom om verheerlik te word deur dié wat aan Hom behoort, om eer te ontvang van almal wat glo. Julle sal ook daar wees, want julle het ons getuienis aan julle geglo.

NIEMAND weet nie – al probeer soveel om dit te bepaal.

6

4: Watter maatstaf gaan God vir die eindoordeel gebruik?

Handelinge 4:12 "Hý bring die verlossing en niemand anders nie. Daar is geen ander naam op die aarde aan die mense gegee waardeur God wil dat ons verlos moet word nie."

1 Korintiers 3:11 want niemand kan 'n ander fondament lê as wat reeds gelê is nie. Die fondament is Jesus Christus.

Johannes 14:6 Jesus het vir hom gesê: "Ek is die weg en die waarheid en die lewe. Niemand kom na die Vader toe behalwe deur My nie.

Slegs deur die versoening van Christus

Lukas 12:47, 48 "Die slaaf wat geweet het wat sy eienaar wil hê maar wat nie gereed gemaak of volgens die wil van sy eienaar gehandel het nie, sal 'n swaar straf kry. Maar hy wat nie geweet het nie en dinge gedoen het wat straf verdien, sal 'n ligte straf kry. Van elkeen aan wie baie gegee is, sal baie geëis word; en van hom aan wie baie toevertrou is, sal meer gevra word."

Romeine 2:12 Almal wat sonder die wet van Moses gesondig het, sal ook sonder die wet verlore gaan; en almal wat onder die wet gesondig het, oor hulle sal volgens die wet geoordeel word.

Matteus 24: 45-47 "Wie is eintlik die getroue en verstandige slaaf vir wie sy eienaar oor sy ander slawe aangestel het om hulle op tyd kos te gee? Dit is die slaaf vir wie sy eienaar by sy tuiskoms so aan die werk sal kry. Gelukkig is hy! Dit verseker Ek julle: Hy sal hom aanstel oor alles wat hy besit.

Hoe getrou was jy?

7

5: Hoekom word die sondige daade van die gelowiges nie onthou nie, en hoekom word die goeie daade van die ongelowiges nie onthou nie?

Sondige daade word vergewe slegs op grond van die soendood van Jesus – *volkome versoening van al jou sonde*

Kategismus 62 Vraag: Maar waarom kan ons goeie werke nie die geregtigheid voor God of 'n deel daarvan wees nie?

Antwoord: Omdat die geregtigheid wat voor die oordeel van God kan bestaan, heeltemal volmaak moet wees en in alle opsigte met die wet van God ooreen moet stem (a) en omdat ook ons beste werke in hierdie lewe almal onvolmaak en met sondes besmet is (b).

Die goeie daade van die ongelowiges kan hulle nie red nie. As hulle weggestuur word van God, is ook hulle werke weg van God

8

6: As gelowiges se sondedade nie geopenbaar gaan word nie, verklaar:

Prediker 12:14 God sal rekenskap eis oor alles wat gedoen word, ook oor wat in die geheim gedoen word, of dit goed is of kwaad.


Matteus 12:36 "Dit sê Ek vir julle: Van elke ligsinnige woord wat die mense sê, sal hulle rekenskap moet gee op die oordeelsdag.

Romeine 2:16 Dit sal aan die lig kom op die dag wanneer God deur Christus Jesus oor die verborge dinge van die mense sal oordeel, ooreenkomstig die evangelie wat ek verkondig.

1 Korintiërs 4:5 Daarom moet julle nie te vroeg, voordat die Here kom, 'n oordeel uitspreek nie. Hy sal ook die dinge wat in duisternis verborge is, aan die lig bring en die bedoelings van die hart blootlê. Elkeen sal dan van God die lof ontvang wat hom toekom.

Kinders van die Here het 'n verantwoordelikheid oor wat hulle sê en doen. Dink voor jy praat en optree.

9



10